higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

9 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCCV

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Grafiese voorstelling van inligting	A	demokratiese bestuurder
1.2	'n Uiteensetting van al die werk wat tydens die projek voltooi moet word	B	gedragskode
		C	vaste koste
1.3	'n Stel reëls wat die verantwoordelikheid, verwagte gedrag en praktyke van 'n organisasie of individu uiteensit	D	breinkaart
		E	openbare eerbetoon
1.4	Koste wat deur die loop van die projek dieselfde bly	F	verbreking
1.5	'n Rekord van alle besprekings en besluite wat by 'n vergadering geneem word	G	verslag oor verandering
		H	werkuiteensettingstruktuur
1.6	Om 'n reël of ooreenkoms te verbreek of agterweë te laat	I	outokratiese bestuurder
		J	werklike koste
1.7	Die finale, werklike bedrag wat vir die voltooiing van 'n werkelement betaal is	K	notule van 'n vergadering
1.8	Tegniek wat gebruik word om te bepaal hoeveel vrye tyd in 'n skedule beskikbaar is	L	kritieke wegmetode
1.9	Neem alle besluite alleen sonder om werknemers te raadpleeg		
1.10	'n Manier om erkenning vir prestasie te gee		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Projekbestuur is die aanwending van kennis, vaardighede, instrumente en tegnieke in onderling verwante aktiwiteite ten einde 'n gedefinieerde uitkoms van die spesifieke projek te bereik.

2.2 Uitgangkriteria is nie een van die elemente van 'n projekplan nie.

2.3 Versnelling is wanneer die projekbestuurder sien dat die projek nie volgens skedule verloop nie en daarom bykomende hulpbronne aan elke werkelement toeken om te verseker dat die projek suksesvol afgehandel word.

2.4 Uiters vertroulike dokumente is dokumente waartoe enigeen toegang het.

2.5 Kontrakte is wetlike ooreenkomste tussen die projek en belanghebbers.

2.6 Voorskriftelike bestuurders sê vir hul ondergeskiktes presies wat gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word.

2.7 Dit is nie belangrik dat elke lid van die span weet wat hul verantwoordelikhede is nie.

2.8 'n Span is 'n groep mense met verskillende vaardighede wat aan 'n bepaalde taak saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.

2.9 Kulturele hindernisse kan doeltreffende kommunikasie tussen lede van 'n projekspan belemmer.

2.10 Deursettingsvermoë is om te weet wanneer om 'n taak te laat vaar indien dit te moeilik is.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

DIE GROENTETUINPROJEK



Die groentetuinprojek het in Desember 2015 afgeskop toe Cherry Ching (Projekborg) R200 000 geskenk het om die gemeenskap waar sy gebore is te help. Sy het vir Bennie Beet (Projekbestuurder) gekontak en hy het onmiddellik begin om 'n plan vir die Groentetuinprojek op te stel.

Die doel van die projek is drieledig:
Om soveel gesinne moontlik van 'n lappie grond te voorsien wat vir 'n groentetuin gebruik kan word.
Om die nodige gereedskap (grawe, gieters, saad/saailinge) aan elke gesin te voorsien.
Om elke gesin te leer hoe om 'n groentetuin aan te plant en te onderhou.

Elke gesin kan dan die groente vir eie gebruik aanwend of hulle kan dit verkoop om geld te verdien om ander noodsaaklike items mee te koop.

Bennie Beet het onmiddellik nadat die plan gefinaliseer is, 'n span mense saamgestel en hulle het dadelik begin om die werk te doen. Petunia Plant is as spanleier aangestel – haar span is ervare en sy weet dat sy net kan sê wat hulle moet doen en hulle sal sorg dat die gebeur. Haar hele span is toegewyd want die projek lê hulle na aan die hart.

Tot op datum het sewe gesinne hul eie tuine en toerusting ontvang en die projek gaan voort met die steun van borge uit die omliggende gemeenskappe.

3.1 Noem en verduidelik die VYF projekbestuursprosesse wat in die PMBOK (Project Management Body of Knowledge) uiteengesit word. (10)

3.2 Oor watter eienskappe behoort Petunia Plant as spanleier te beskik? (10)

3.3 Bennie Beet moet gereeld inspeksie doen om te verseker dat die tuine in 'n goeie toestand is. Wat beperking het inspeksies? (4)

3.4 Verduidelik VYF vereistes van liasseerstelsels waaraan die projekadministrateur moet voldoen. (10)

3.5 Verduidelik kortliks wat dit beteken om 'n dokument te *annoteer*. (1)
[35]

VRAAG 4

4.1 Watter leierskapstyl sal die beste vir Petunia Plant se span (in die gevallestudie) werk? Motiveer jou antwoord. (4)

4.2 Verduidelik die volgende subprosesse van die Groentetuinprojek:

4.2.1 Risikobestuur

4.2.2 Omvangbestuur

4.2.3 Kommunikasiebestuur

(3 × 3) (9)

4.3 Onderskei tussen *vooruitskatting* en *beraming*. (4)

4.4 Noem en verduidelik VYF strategieë wat Bennie Beet kan gebruik om konflik in die span te hanteer. (10)

4.5 Verduidelik EEN manier waarop Bennie Beet kan verseker dat behoorlike finansiële rekords bygehou word. (2)

4.6 Wat is die Groentetuinprojek se begroting? (1)

[30]

VRAAG 5

5.1 Omskryf *veranderlike koste* en gee EEN voorbeeld uit die gevallestudie. (4)

5.2 'Spandinamika is die onsigbare kragte tussen mense in 'n span'.

Verduidelik VYF faktore wat die spandinamika van die groentetuinprojek kan beïnvloed? (10)

5.3 Waarom is dit belangrik dat Bennie Beet erkenning gee aan die prestasies van sy span? (2)

5.4 Verduidelik die volgende as deel van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte:

5.4.1 Gelykheid

5.4.2 Menswaardigheid

(6)

5.5 Onderskei tussen 'n *matriks-* en 'n *funksionele* organisasiestruktuur wat Bennie Beet vir die projek kan gebruik. (8)

5.6 Die Groentetuinprojek is 'n voorbeeld van 'n gemeenskapsprojek.

Noem enige VYF ander tipes projekte. (5)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem en verduideliuk DRIE kriteria of tipes gedrag wat daartoe sal bydra dat die projekspan voel dat hulle waardeer word. (6)

6.2 Skep 'n eenvoudige templaat vir 'n kleinkasbewys vir die Groentetuinprojek. (10)

6.3 Verduidelik hoe Bennie Beet etiese praktyke met verwysing na die fisiese omgewing van die Groentetuinprojek kan aanwend. (4)

6.4 Gee DRIE nadele daarvan om 'n Gantt-kaart in die Groentetuinprojek te gebruik. (6)

6.5 Waarom behoort Bennie Beet en die span lesse wat hulle uit die projek geleer het aan te teken? (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou